IBO IB DIPLOMA PROGRAMME
PROGRAMME DU DIPLÔME DU BI
PROGRAMA DEL DIPLOMA DEL BI

N02/260/H(1)T

**AFRIKAANS B – HIGHER LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS B – NIVEAU SUPÉRIEUR – ÉPREUVE 1**
**AFRIKAANS B – NIVEL SUPERIOR – PRUEBA 1**

Monday 4 November 2002 (morning)
Lundi 4 novembre 2002 (matin)
Lunes 4 de noviembre de 2002 (mañana)

1 h 30 m

---

TEXT BOOKLET – INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this booklet until instructed to do so.
- This booklet contains all of the texts required for Paper 1 (Text handling).
- Answer the questions in the Question and Answer Booklet provided.

LIVRET DE TEXTES – INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir ce livret avant d'y être autorisé.
- Ce livret contient tous les textes nécessaires à l'épreuve 1 (Lecture interactive).
- Répondre à toutes les questions dans le livret de questions et réponses.

CUADERNO DE TEXTOS – INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra este cuaderno hasta que se lo autoricen.
- Este cuaderno contiene todos los textos requeridos para la Prueba 1 (Manejo y comprensión de textos).
- Conteste todas las preguntas en el cuaderno de preguntas y respuestas.

Blank page
Página en blanco
Page vierge

**TEKS A**

# CD-RESENSIES deur Mariana Malan

## LIEZE STASSEN — *Aengel (****)*



Sy kan van baie dinge beskuldig word, maar nooit van alledaagsheid nie. Wanneer Lieze Stassen lostrek en sing, luister jy, want dis iets baie spesiaal. Die eenvoudige toets om te bepaal of ’n album sy sout werd is, is nog steeds eerste indrukke. Wanneer iemand begin vertel van hoe jy eers ’n paar keer na ’n lied moet luister om daarvan te hou, gaan dit waarskynlik nie tot jou spreek nie. In Stassen se geval is daar altyd daardie geheimsinnige faktor wat jou onmiddellik fassineer. Daar het heelwat tyd verloop tussen haar eerste (Afrikaanse) en hierdie (meer-talige) album. Sy waag selfs om meer as een taal in enkele liedjies te gebruik. Soos baie onkonvensionele dinge wat sy aanvang, werk dit moeiteloos en kom jy opnuut onder die bekoring van haar ongewone lirieke en interessante vertolkings. Stassen is nie ’n fee of engel nie, maar haar stem is beslis by een van die twee geleen. (MM)


## DIE GRAFSTEENSANGERS — *Trane op my Kussing (***)*




Wat is ’n fees deesdae sonder die Grafsteensangers? Of dit ’n troue, kunstefees of aand uit is, bring hulle gepaste gewydheid en introspeksie aan elke geleentheid. Hul jongste album is weer propvol juwele soos *‘Graf van my Liefling’*, *‘Waar is Moeder nou?’*, die *‘Hartseerwals’* en vele ander. Elkeen van die sangers is ’n karakter in eie reg. Op die album kan ’n mens nie onderskeid tref nie en daarom is die video *Die Grafsteensangers … Lewendig*, wat nou op die mark is so welkom. Hierdie groep is so vermaaklik omdat hulle soveel moeite doen met fyn besonderhede wat hul voorkoms en klank betref. Ten spyte van wat hulle sing, kán hulle sing en bo alles móét hulle aanhou sing. (MM)

**TEKS B**

# AVONTUUR TEEN MISDAAD



"Nóú, Anastasia, nóú!" Anastasia Williams (18), van die Eldoradopark Gemeenskapsgroep, se onderlip bewe. Sy is doodbang vir hoogtes. Sy is een van ongeveer 25 jongmense in die loodsgroep van Nicro[1] vir sy Eduventure Journey- winterprogram.

Dis moeilik om te sê hoeveel kinders jaarliks misdaad pleeg. "Redes hiervoor is moontlik dat nié alle kinders wat misdaad pleeg, gevang word nie" verduidelik Paul Gonsalves (23), jeug-koördineerder van die Journey-program. "Alle kinders wat gevang word, word ook nie na Nicro gestuur nie."

Anastasia is deel van 'n 'toetslopie'. Die kinders in haar groep het nie reuse maatskaplike probleme nie. Hier en daar is iemand wat al met dwelmmisbruik gesukkel het. "Wat dié groep 'maklik' maak, is dat almal mekaar goed ken en dus gewilliger is om saam te werk," verduidelik Paul.

Anastasia lyk erg benoud.

"Wat is jou doelwit met dié avontuur, Anastasia?" vra Andries Bruwer.

(Andries, 'n instrukteur, verduidelik: "Dis belangrik dat die kinders besef hulle pak dié avonture aan om lewensvaardighede te leer.)

Anastasia antwoord: "Ek wil my hoogtevrees besweer!"

"Wel, doen dit!" moedig almal haar aan.

In haar groen veiligheidsharnas begin sy die groot klim na die gevreesde Rambo-brug, soos dit bekend staan. Dis geen brug vir sissies nie.

"Ek het dit ook al 'n paar keer gedoen, maar ek is elke keer bang," erken Paul.

Sy vorder fluks die 21 meter teen die bloekomboom op. Sewe verdiepings hoog. Anastasia is amper bo.

Nou lê deel twee van dié selfontdekkingsreis voor. Treetjie vir treetjie, aanvanklik baie huiwerig, vorder sy oor 'n smallerige sestien meter lange bloekomboomstam na die ander kant. Dié dwars-balk loop teen 'n skuinserige helling na die tweede boom waaraan dit verbind is Dit lyk amper soos baie hoë, skewe rugbypale. Deel van die opdrag is om oor te loop en dan weer van die ander kant na die middel van die boomstomp. Dan moet jy spring. Nie maklik nie. As jy slaag, kry jy 250 punte.

Gaan sy dit maak, wonder almal?

Skielik is sy vreesbevange. Sy huiwer effe ***[ – Voorbeeld – ]*** oorweeg dit om weer om te draai. Almal hou asem op.

"Jy is oor die helfte, moenie nou omdraai nie, jy moet net jouself vertrou," moedig Lennie Links (19), een van haar spanmaats, haar aan. Hy het so pas self dié kragtoer voltooi en is die held van die groep – die eerste vrywilliger **[ – 16 – ]** bereid was om dit te waag. Hy glo **[ – 17 – ]** dit eers agter die rug is, sien 'n mens kans vir die ander avonture, wat ook gerig is op groepsbou. Lennie reken die avonture leer mens baie oor jouself. "Jy leer hoe om verby jou verste grense te beweeg. Dis soos die lewe ook werk. 'n Mens dink dikwels iets lyk onmoontlik, **[ – 18 – ]** jy die eerste treetjie gee. Dis die geheim. As jy eers begin het, is die stryd gewonne."

Paul verduidelik: "Dis wat ons onder die jeug wil aanmoedig. Self-vertroue, maar ook spanwerk. Hulle moet leer hulle kan enigiets doen as hulle wil. Dis veral baie geslaagd om kinders met erge probleme weer op die regte pad te kry; veral as hul selfbeeld nie goed is nie." "Dalk klink dit afgesaagd **[ – 19 – ]** die jeug is ons land se toekoms," sê Paul. "As hulle nie gesond is nie, het 'n land probleme. Daar is geen regverdiging vir misdaad nie, maar ek glo nie tronkstraf is die oplossing vir minderjariges nie.

Van die algemeenste probleme onder die jeug ontstaan weens groot armoede. Baie jongmense se huislike omstandighede is haglik, hul ouers drink te veel, hulle het geen vooruitsigte vir die toekoms nie en hulle begin steel.

---


[1] Die nasionale Instituut vir Misdaadvoorkoming en die herintegrasie van oortreders

**TEKS C**

# VOOR DIE GROOTMENSDEUR

Twee jongmense skets hul werklikheid in die Suid-Afrika van vandag.

## LIEFDE IS DIE KERN — Michael Linström



❶ Ons etiese waardes, wat ek die beginsels van geluk en blydskap noem, word ondermyn deur die valse indruk waaronder ons gebring word om 'n samelewing te skep wat menseregte en vryheid ondersteun. Om egter aan dié beginsels gebonde te wees ontneem ons ons reg om te doen wat ons voel goed is.

❷ Dit het veroorsaak dat ons, die jeug, gebreinspoel word met lewenswyses wat ons nie veronderstel is om toe te pas nie. "Dit is aanvaarbaar dat ons buite-egtelike seks mag hê solank dit met die regte persoon is" of "jy mag seks hê, maar op 'n veilige manier; gebruik 'n kondoom."

❸ Ons is 'n neerslagtige, depressiewe en gefrustreerde jeug en dit word uitgebeeld in die lirieke van gewilde liedjies. Die oorsprong berus op twee faktore in ons lewe: skuldgevoel en smart. Skuldgevoel omdat ons weet ons doen verkeerd, en hartseer oor die verlies van liefde.

❹ Die meeste jong mense erken dat hulle nie wil trou nie. Dit word gesê as gevolg van ouers wat nie die allerbeste voorbeelde van liefde en waardes is nie. Hulle verlaat hul eggenotes en gooi hulle weg soos ou koerante. Hoe kan ons leer om anders op te tree as ons ouers nie bereid is om mekaar lief te hê nie?

* * * * * * * * * * *

## GEBRUIK NET JOU KOP — Simone Haysom



❺ Daar is nie baie dwelms wat 'n mens deesdae nié in die hande kan kry as jy geld het nie. Om kinders bang te maak met die boodskap dat dwelms geen pret is nie en boonop dodelik is, werk nie - op die ou end gaan hulle wel uitvind dit is lekker en daar's baie mense wat dit gebruik en nie veel oorkom nie. Hulle gaan niks meer glo wat hulle oor dwelms hoor nie. Dwelms is 'n gevaar en 'n werklikheid, maar waarop dit neerkom, is dat jy óf die soort mens is wat gaan kies om dit te gebruik óf nie. Ek dink jou vriendekring tel die meeste wanneer dit by die keuse kom. Om te kies om nie dwelms te gebruik nie vereis net 'n nugtere stel prioriteite en 'n goeie dosis gesonde verstand.

❻ Wat seks betref: die vigspandemie is besig om daardie perspektiewe te verander. Persoonlik dink ek iemand moet besonder onnosel of oningelig wees om selfs net te dink aan vinnige seks of seks sonder beskerming. 'n Ander perspektief wat sal moet verander, is die persepsie dat "middelklaskinders net nie vigs kry nie". Ek dink baie Suid-Afrikaners het nie 'n benul wat vigs vir hulle en hul land beteken nie. Seks hoort in 'n ernstige, monogame verhouding waar die twee partye mekaar respekteer en liefhet.

❼ Ek dink nie ek sal ooit trou nie. Ek dink dis bietjie oudmodies. Mense praat van die huwelik as 'n gebaar van liefde en eer, maar sy oorsprong is een van sekuriteit en geld. Die egskeidingsyfer maak my ook nie bang nie. Ek sal liewer duisende kere skei as om in 'n verkeerde huwelik te moet wurg. Tog moet mense nie die huwelik as 'n ligtelike besluit sien nie. Ek wil nie trou voordat ek minstens laat in die dertig of selfs sestig is nie. Dit klink dalk naïef of oordrewe, maar ek kan skaars glo dat ek op 20 met dieselfde mens sal wil trou as op 40.

❽ Ek is nie 'n godsdienstige mens nie, maar ek dink wel spiritualiteit is 'n belangrike aspek van die lewe. Godsdiens is net nie die manier wat ek kies om dit uit te leef nie. Ek's nie heeltemal seker wat ek glo en of ek ooit my eie antwoorde sal vind nie. Ek weet wel dat daardie antwoorde van mens tot mens verskil. Dit is my grootste probleem met godsdiens – dit gee een stel antwoorde en verduidelikings vir alles.

**TEKS D**

# DIS MY WÊRELD

Hier volg 'n verwerking van 'n uittreksel uit 'n Graad 12-leerling, Jackie Nagtegaal, se debuutroman, *Daar's vis in die punch*.

❶ Toe ek terugkom van my dansklas, is my ma-hulle by die huis. Hulle was vir 'n wonder betyds vir Egoli en ons het dit saam gekyk. Daarna het ons gesels. Ons praat eintlik maar altyd oor dieselfde onderwerpe. Hulle besigheid, my toekoms en ons sukses. Ek kon nog nooit vir hulle sê dat ek nie regte wil gaan swot nie. Dat ek liewer 'n professionele danser wil word. Onthou, my ouers is twee advokate wat hoog vlieg.

❷ Maar dan moet ek ook sê dat ek in die jaar wat verby is, al beloftes aan hulle gemaak het oor hoe 'n goeie prokureur ek gaan wees. Ek het doodeenvoudig net nie die moed gehad om vir hulle te sê hulle droom is nie myne nie. Dis werklik moeilik. Liewe ouers, ná alles wat julle vir my voorberei het, vergeet dit. Ek soek dit nie.

❸ "Ons moet jou begin voorberei," sê my pa. "Jy het ses jaar oor, dan moet jy reg wees om by daardie kantore in te stap, en die mense moet sê: "Sjoe. Jy moet ingelig wees oor elke faset van die firma. Jy gaan nie soos 'n groentjie lyk nie. Jy dink ses jaar is baie, maar dit vlieg, Charlie."

❹ Hy gaan voort soos 'n gekrapte CD. My ma sit net knikkend daar. Sy verloor meestal haar opinies tussen my pa se sterk, manlike woorde. Dis vreemd om haar so te sien. Die groot juris, maar kom dit by my pa … Wel, sy smelt en dis asof al haar grade en onafhanklikheid prrrt! verdwyn. Sy kyk na hom met nat skaapoë en lag vir alles wat hy sê.

❺ Dis miskien hoekom hulle een van die min paartjies is wat nog getroud is. My ma glo dit maak nie saak hoe suksesvol jy is nie, jy moet jou man die gevoel gee dat jy nie sonder hom sou kon lewe nie. Ek kan nie daaroor besluit nie. Soms glo ek sy gee voor dat dit bars. Dan weer sien ek tot my verstomming dat sy werklik glo haar son sak as hy gaan sit. Haar finale woord wat my moet oortuig dat ek ook nog my heer en meester sal ontmoet, is gewoonlik: "Charlie, liefde gee die lewe sin. Ek blom as jou pa my nodig het." Wat kan ek sê? Hel, ek antwoord gewoonlik niks en staar haar maar net aan met my wenkbroue in my haarlyn. Dan vertel ek haar dat sy werklik 'n vrou is wat die rooi korale in die Bybel oortref. (Vrou, nie ma nie, mompel ek soms. Maar nooit hard genoeg dat sy kan hoor nie.)

❻ Jy moet verstaan, my ma is nie regtig 'n materialistiese, koue mevrou advokaat nie. Sy het eintlik baie fasette. Ek weet nie waarom ek so kwaad word vir haar nie. Jy weet, sy het 'n filosofiese kant aan haar ook. Dié dat ek so baie van filosowe en letterkunde weet. Dis ook by haar wat ek van skilders geleer het, en hoe om hul werk te waardeer.

❼ Toe ek ses maande oud was, het sy my bottel twee meter van my kombersie neergesit sodat ek van kleins af kon leer om myself te help en sodat ek vinnig moes leer loop. Op drie het sy my geleer hoe om brood te smeer en op vyf kon ek self vir my worsbroodjies in die mikrogolfoond maak. Sy het my ook voor skool leer lees. Wanneer ek stout was, moes ek as straf gedigte memoriseer. Op tien het ek *Die Ballade van die Bose* van NP van Wyk Louw geken en in graad sewe kon ek dele uit *Raka*, omtrent al Ingrid Jonker se gedigte en selfs 'n paar dele uit Shakespeare se dramas voordra. Sy het my ook betaal vir elke boek wat ek gelees het.

❽ Ek glo soms dat sy nie 'n goeie ma is nie en dat dit beter sou gewees het as sy liewer nie 'n kind gehad het nie. Jy sien, sy is te ongeduldig. Sy kon nie verstaan hoekom ek nie self alles in my lewe kan regkry nie. Kinders is te afhanklik vir haar. Toe ek klein was, het ek in die aande gebid dat sy net na een oueraand toe moet gaan. Jy weet, iets gewoons soos dit, om vir almal te wys sy is my ma. Sy kon miskien nog 'n bietjie meer warmte in haar moederliefde gehad het. Ek mis net die idee van 'n ma. Soos my ouma, wie se huis soos Biggy Best en liefde en warm poedings ruik.